
# Nasionale Landbou Jeugskou

# Vleisskaap Handleiding



2024

# INHOUDSOPGAWE


## 1. INLEIDING

### 2. ALGEMENE INLIGTING

- **Kampe en weiding**
- **Voeding**
- **Teling**
- **Kudde gesondheid**
- **Uitstaande Kenmerke**
- **Vleiseinskappe**
- **Ouderdomsbepaling**

### 3. RIGLYNE VIR DIE VOORBEREIDING VIR DIE SKOU


### 4. RIGLYNE VIR WAS

### 5. RIGLYNE VIR VOORBEREIDING

### 6. RIGLYNE VIR DIE VERTOONKUNS -SKOUMAN

### 7. RIGLYNE VLEISSKAAP – GROEP

### 8. ALGEMENE RAAD VIR DIE SKOUMAN:

## 1. INLEIDING

Met die beoordeling van die skaap skou man tydens Jeugskoue word die kind (vertoner) beoordeel en nie die skaap nie.  Die skaap word sonder ‘n halter geskou.  Diere moet 6 maande en ouer wees om mee te skou.

Aangesien die voorbereiding en beoordeling van wolskaap verskil van vleisskaap, word die wolskaap en dubbeldoel skaap rasse saam beoordeel en die vleisskaap rasse apart.

Daar kan met ander vleisskaap rasse ook geskou word, maar in hierdie handleiding word daar hoofsaaklik gepraat van die Dorper.  Die rede hiervoor is as volg:  Dit is die oudste Vleisskaap ras.  Dit is die algemeenste Vleisskaap wat voorkom in Suid-Afrika.  Dit is ‘n klein en kompakte skaap waarmee Jeugskou deelnemers beter kan skou. Ander Vleisskaap rasse is soms baie swaar en maak dit moeilik vir die deelnemer om te hanteer.

## 2.ALGEMENE INLIGING

### Kampe en weiding

Boer altyd met die optimum aantal skape dwarsdeur die jaar, maar onthou die volgende:

Die aantal bekke eet stadig maar neem drasties toe tydens die lam seisoen, want lammers begin wei op 2 weke en eet ongeveer die helfte van dié van ‘n volwasse skaap op die ouderdom van 3 tot 4 maande.  Daarom is dit belangrik om **wisselweiding** toe te pas sodat daar altyd veld is wat rus en wortel groei dan gestimuleer kan word.  Die aantal kleinvee per hektaar verskil van plaas tot plaas – bly binne die reëls en gee aanvullende voeding indien droogte die bossies en grasse knou.  Waak teen oorbeweiding  Ook belangrik om te let op die **water suiwerheid** en die toestand van die krippe in die veld.

Vuil, lekkende krippe en nat areas om die water is die teelaarde van parasiete, bakterieë en ongewensde eiers.

### Voeding

As ons aan kos dink, moet ons dink aan water, energie, proteïen vesel, vitamiene en minerale.  Voedings tekorte kan ’n tekort wees aan slegs een of twee van die goed en nie noodwendig almal nie.  Voedings tekort moet aangevul word, indien nodig en omgewings omstandighede dit vereis.

**Belangrike voedingstye**:

**Ooie:**

a. Ooie wat reeds gelam het:  **Drie weke voor** paar tot aan einde van paartyd.
   Jong ooie:  **Twee maande voor** paar.
b. **Mid dragtigheid:**  vir groei en ontwikkeling van lam.
c. **Ses weke voor lam** want nou word uier ontwikkeling en melkproduksie bepaal.
d**. Eerste twee maande na lam** – hou ooi op kondisie en gee lam ‘n goeie wegspring.

**Ramme:** Sperm ontwikkeling neem twee maande en daarom ontwurm ons ramme 8 weke voor paar, gee hulle **spoorelemente** en **Vit A** en **goeie voeding.**

## Teling

Die uitdaging van produksie moet baie goed bestuur word en kos fyn beplanning.

Wanneer paring begin word, is dit belangrik om te weet dat daar sekere tye van die jaar is waar die **ooie** meer vatbaar is as ander tye. Dit kan ook verander volgens omgewings omstandighede soos **hitte, koue, veld kondisie en kondisie van die diere.** Al is die Dorper aangepas vir wisseling in temperatuur, ens. het navorsing getoon dat die **eerste 12 weke van voeding** in die lam se leeftyd baie belangrik is. Daar is bewys dat die **regte voeding en toestande** van die ooi (vir goeie melkproduksie) en die lam vir optimale groei in hierdie tyd tot gevolg het dat die ooilam in haar latere lewe aansienlik beter ovuleer. Dit beteken 'n beter **besetting en produksie!** Daarom moet die teelooie nie te vet wees nie, nie te maer nie en gesond wees sonder inwendige of uitwendige parasiete.

Ook moet daar na die **ramme** omgesien word. Die ideaal is om ramme te besit met 'n **goeie** kondisie (nie te vet nie) en 'n **goeie volume sperm.** Gesonde geslagsorgane is van groot belang, daarom moet die testikels, byballe en peester gereeld ondersoek word. Om gesonder ramme te verseker is dit goed om jong rammetjies tussen **2 en 4 maande te ent met Brucella Ovis (Rev1)** om slaggate soos **bybal ontsteking, peester siekte** en oordrag van **ander** geslagsiekte te verhoed.

**Verskillende maniere van dekking kan toegepas word:**

1. **Groep paring**: 'n Groep ooie word geselekteer en gedek deur 'n spesifieke ram (20 – 25 ooie vir 1 ram in beperkte afgebakende klein area)
2. **Massa paring:** Hier word 'n groep ooie saam met 3 – 4% van die ramme in 'n kamp geplaas waar dekking oor 'n tydperk plaasvind. (bv. 3-4 ramme op 100 ooie)
3. **Individuele Paring**
   - **Hand dekking**
   - **Kunsmatige inseminasie**
   - **Laparoskopie inseminasie**

## Kudde gesondheid

Ken u kudde, besef betyds indien daar 'n agteruitgang is, weet of daar bosluise is en doseer en dip betyds.

**Doserings:**
a. Vitamiene A – werk op slymvlies oppervlaktes en instandhouding daarvan (oë [blindheid], neus, dermkanaal en geslag sisteem.
b. Spoorelemente – speel 'n rol by vrugbaarheid, lam oorlewing en uitgroei van jong diere.
c. Parasiet middels – inwendige parasiete (bv. rondewurm, neuswurm, bankrotwurm, haarwurm en lintwurm)
- uitwendige parasiete (bv. bosluise, luise, myte, vlieë, muggies en brommers)

**Inentings:**
Ent in teen die belangrikste siektes soos:
a. Kaasagtige limfklier verswerings (swere/knoppe kom oral op diere voor)

b. Bloednier (skape moet een maal per jaar geënt word.)
c. Bloutong (siekte kom voor Maart/April en lammers word geënt na ses maande en ooie 10 weke nadat die ooi gelam het, by ramme kan dit tot tydelike onvrugbaarheid lei)
d. Ensoötiese aborsie
e. Brucella REV1 (aan jong ramme 2-4 maande van ouderdom om bybal ontsteking te voorkom)
f. Pasteurella
g. En ander spesifieke siektes soos Slenkdalkoors en Miltsiekte
h. Lewendige entstof nie vir dragtige diere nie.

**Vrotpootjie** word deur ‘n bakterieë veroorsaak. Die bakterieë dring die pote se vel binne by steekplekke van gras soos die dier wei, sowel as bosluis byt plekke. Skape kan die kiem tot 3 jaar in hulle pote dra. Die kiem kan tot **2 weke** in besmette kampe se grond voort bestaan. Nat toestande is nodig vir die verspreiding van die kiem so gebiede met hoë reënval is ideaal vir hierdie siekte toestand. Vrotpootjie maak die skape kruppel en hulle pote is baie seer. Die vel tussen die kloue is rooi, klam en geswel. Dit ruik sleg as gevolg van die smetterigheid.

**Hoe voorkom ons die siekte?**

- Voet dip die geaffekteerde diere se hoewe
- Sny die hoewe elke **2 Maande**
- Hou die dier uit te nat areas
- Raadpleeg jou veearts

**Klem in die Kaak: Hoe word Klem-in-die-Kaak veroorsaak?**

Dit word deur ‘n bakterieë veroorsaak wat **ontsteking** veroorsaak in die wond, op die lam se lyf. Die bakterieë is oral in die grond en diere met swak immuniteite is meer vatbaar.

**Simptome** = die diere is styf en die kakebeen klem vas. Dit is **nie** aansteeklik nie.

**INTERNE EN EKSTERNE PARASIETE**

Die algemeenste **inwendige (interne) parasiete** by skape is:

- Rondewurms
- Haarwurms
- Bankrotwurms
- Lintwurms
- Neuswurms

**Mis monsters** word geneem om die eier telling te ontleed en te bepaal of die diere besmet is en gedoseer moet word. Met haarwurm besmetting kyk ons na die **slymvlies** van die skaap se **oë** om te bepaal of die skaap besmet is. Wanneer die slymvlies bleek is, is die besmetting swaar. Die algemeenste uitwendige (eksterne) parasiete is: - Bosluise - Jeukmyt - Brandsiek - Brommers Uitwendige parasiete kan beheer word deur dompel dip, voet dip, opgiet middels of inentings.

**Brandsiek** is ‘n nie-seisoenale siekte. Dit is hoogs aansteeklik maar kan voorkom word. As die boer vermoed sy diere het Brandsiek moet dit onmiddellik by die naaste staatsveearts aangemeld word. ‘n Plaas word onder kwarantyn geplaas vir ± 3 maande. Brandsiek word veroorsaak deur ‘n parasitiese **myt** wat op die skaap se vel teer.

**Wat is die simptome?**

- Dit veroorsaak ‘n irritasie op die vel van die dier.
- Daar is wol/haar verlies.
- Daar is gewig verlies omdat die dier moeilik eet a.g.v. die jeuk gevoel.
- Die dier kry stukkende merke op die lyf wat infeksies veroorsaak omdat dit teen alles skuur.

**Wat die gevolge vir die boer?**

- Sulke diere verloor kondisie.
- Die diere kan nie verkoop word nie.
- Die boer het inkomste verlies en jou boerdery se naam word aan die siekte gekoppel.

**Lamsiekte / Botulisme:**

- Dit word veroorsaak deur ‘n **vergiftiging** a.g.v. ‘n skadelike bakterieë wat in dooie organiese materiaal voorkom en lamheid by diere en voëls veroorsaak. Dit gebeur bv. wanneer daar ‘n dooie muis vrot en ontbind in ‘n krip waar skape moet water suip.
- Lamsiekte is ‘n **vergiftiging** nie ‘n besmetting nie en is nie aansteeklik nie.

**Blindheid** - kan voorkom by skape as gevolg van: ‘n **Vitamien A tekort** of ‘n **Virus** infeksie.

**Bybal - Ontsteking** - Ramme moet voor paring klinies ondersoek word deur ‘n veearts.

**Brusellose –** is ‘n geslagsiekte wat by ramme voorkom en die ramme steriel kan maak. Voor paring moet ramme klinies deur ‘n veearts ondersoek word.

**Pika – Beenhonger / Osteofagie**

- Dit is wanneer Herbivore (plant eters) ‘n dringende lus ontwikkel om aan bene te kou.
- **Hoekom?** Wanneer diere op ou gras weidings wei in omstandighede van langdurige droogtes. Sulke weidings het ‘n **fosfaat tekort** en die gevolge daarvan op jou diere het swak groei, swakheid van bene en stywe gang (mis).
- **Hoe behandel ons Pika?** Die kudde moet aanvullings van fosfaat kry in die vorm van lekblokke en ekstra toediening van beenmeel.

## Uitstaande kenmerke van die Dorper

Die Dorper is primêr ‘n vleisskaap en daarom, wanneer seleksie gedoen word, hou die volgende in gedagte:

1. Lam (vleis produksie) – (vleisgehalte, hoë produksie, gewigstoename, vet verspreiding)
2. Aanpasbaarheid – (hoe diere floreer onder verskillende klimaat- en weidings omstandighede)
3. Gehardheid – (waar dier kan oorleef en die weerstand wat hy bied teen siektes)
4. Veld gebruik – (vreet byna enige iets – nie-selektiewe vreter)
5. Goeie moeder eienskappe – (behou lammers en versorg hulle goed)
6. Dorper velle
7. Dorpers met goeie bedekking – (ideale bedekking = mengsel van hare en wol wat sal afval as dit nie geskeer word nie)

**Goeie kop vorm:**




**Bouvorm in algemeen:**





Kom ons som op en sê dat die kop ‘n belangrike deel is waar die verskillende aspekte mekaar moet komplimenteer om ‘n sterk veredelde tipe kop te verkry.


**Voorkwart en nek:**

**Definisie:** Die nek moet ‘n matige lengte hê, goed gevleesd wees en goed aansluit by die voorkwart. Skouers moet stewig, breed en sterk wees. ‘n Matige projeksie van die borsbeen voor die blaaie, matige breedte en goeie diepte is die ideaal. Voorbene moet sterk, reguit en goed geplaas wees met sterk kootgewrigte en kloutjies nie te ver gespleet nie. Swak kootgewrigte en X-bene moet volgens graad teen gediskrimineer word. Blaaie wat los vertoon, borsbeen wat te plat opsny met geen projeksie voor die blaaie, krom bene en swak loopvermoë is prulfoute.





**Verkeerd:**





**Middelstuk:**




**Definisie:** Die ideaal is 'n lang, diep, breë lyf, ribbe goed gesprong met lende breed en vol. Die skaap moet 'n lang reguit rug hê en nie geknyp agter die blaaie wees nie. 'n Effense druk agter die skouer is toelaatbaar.

**Agterkwart:**







*Bakbene*


*Regophakke*

**Definisie:** 'n Langwerpige breë kruis met 'n lang dyspier is die ideaal. Diskrimineer teen 'n opgetrekte kort dyspier met kaal skenkels. 'n Kort of hangkruis moet volgens graad teen gediskrimineer word. Die binne-en buite dye moet goed gevleesd wees tot laag af by volwasse diere. Die agterbene sterk en wyd geplaas, met sterk pote en kootgewrigte. Swak, skewe kootgewrigte en sekel hakke moet volgens graad teen gediskrimineer word. Die hake moet sterk wees sonder 'n neiging om na binne of buite te draai. Bakhakkigheid of loodregop hakke is prul foute.





**Kootgewrigte:**

Teen swak kootgewrigte moet volgens graad gediskrimineer word. Onthou dat omgewingstoestande ook ‘n rol kan speel. So bv. groei die kloutjies onder nat en intensiewe toestande vinnig langer en kan die gewrig destabiliseer.





Swak skewe kootgewrigte wat sak

**Geslagsorgane:**

**Definisie:** ‘n Goed ontwikkelde uier en geslagsorgane is noodsaaklik by ooie. Die skrotum van ‘n ram moet nie te lank wees nie en die testikels moet ewe groot en nie te klein wees nie. Enige abnormaliteit in die testikels is prul foute.

- Minimum omtrek vereiste vir die testikels in ‘n sittende posisie :
  10 maande – 30cm






**Vet verspreiding:**

**Definisie:** Te veel lokalisasie van vet op enige deel van die lyf moet volgens graad teen gediskrimineer word. (sien sirkels) 'n Egalige verspreiding van 'n dun lagie vet oor die hele lyf en tussen die spierweefsel is die ideaal. Die skaap moet stewig en gespierd wees.

Nota: Vet verspreiding word omskryf soos aangetref onder normale ekstensiewe veld toestande. Diere in voerkrale sal vet akkumuleer.



**Kleurpatroon:**

**Dorpers:** 'n Wit skaap met swart beperk tot die kop en nek is die ideaal. Swart spikkels tot 'n beperkte mate aan die lyf en bene is toelaatbaar, maar algehele wit skape en skape wat oorwegend of algeheel

swart is, is foutief. Bruin of wit hare mag onderbroke by oë voorkom. Pienk spene, pienk onder die stert en wit hoewe is foutief. Bruin op die gesig is ongewens.


**Wit Dorpers:** 'n Wit skaap met volledige pigment om die oë, onder die stert, aan die uier en spene is die ideaal. 'n Beperkte aantal ander kleurige spikkels is toelaatbaar op die ore en aan die onderlyf.

**Bedekking:**

Kort, los ligte mengsel van hare en wol met 'n natuurlike skoon steekhaar onderlyn. Die kop moet bedek wees met gladde kort steekhaar.

**Algemene voorkoms en balans:**

Die skaap moet simmetries en die liggaamsdele moet in verhouding tot mekaar wees. 'n Kalm temperament met 'n lewenskragtige voorkoms is ideaal.




| | | |
|---|---|---|
| 1. rug | 8. knie | 15. boud |
| 2. oog | 9. peester | 16. lies |
| 3. bek | 10. kop | 17. testis |
| 4. middelstuk | 11. oor | 18. hakskeen |
| 5. blad | 12. neusgat | 19. agterbeen |
| 6. bors | 13. kruis | 20. koot |
| 7. voorbeen | 14. nek | 21. klou |

**Vleis eienskappe**

Die **Prys van Vleis** word bepaal deur:

- Ouderdom van die dier (lam, 2 tand, volwasse dier)
- Egalige vet verspreiding oor die karkas
- Bouvorm
- Grootte van die dier

<u>Karkasse word met kleure gerolmerk na gelang van die ouderdom van die karkas:</u>

- A → lamvleis gemerk met ‘n Pers merk op die karkas
- AB → 1 – 2 tand skaap gemerk met Groen gemerk op die karkas
- B → 3 – 6 tand skaap gemerk met Bruin op die karkas
- C → meer as 6 tand skaap gemerk met Rooi op die karkas

Die liggaamsmassa van die skaap word bepaal deur:






- die lengte van die lyf
- diepte van die lyf
- breedte van die lyf

Omdat vleis per kilogram verkoop word, speel die liggaamsmassa ‘n belangrike rol asook groeitempo van die lam. Lamsvleis is sagter as skaapvleis en behaal beter pryse.
In die ring op skoue speel bespiering ‘n groot rol. Boudvleis en rug-kotelette is die duur vleis en geniet spesiale aandag van die beoordelaars. Wanneer die skaap in lengte van lyf vertoon word, beoordeel die beoordelaar die grootte van die skaap. Met die vertoning van die agterkant van die skaap kyk hy na die graad van bespiering aan die skaap se binne- en buite boud. ‘n Breë bors is ‘n goeie aanduiding van bors kapasiteit wat gesonde longe huisves. Die dier se loop vermoë is belangrik waar dit dikwels in onherbergsame veld toestande moet gedy. So moet die kootgewrigte ook sterk wees en die skaap moenie deurtrap nie.

**Ouderdomsbepaling van skape**

Die boonste kaak is van harde kraakbeen en die dier se ouderdom word deur die ondertande bepaal.

- ± 14 maande wissel ‘n lam en kry die dier 2 permanente tande.
- 2 jaar/ 24 mde het die skaap 4 permanente tande
- 3 jaar/36 mde het die skaap 6 permanente tande
- 4 jaar/48 mde het die skaap 8 permanente tande (volbek)

**3.RIGLYNE VIR VOORBEREIDING VIR SKOUE (By die huis voor die skou)**

Maak seker met jou seleksie dat die dier geen gebreke of siektes (bv. sweer) het nie, want sulke diere word in die skou ring uitgeskakel.

Die hoofdoel van skou is om goeie reklame te bewerkstellig met die meerderwaardige diere en om die standaard van jou diere teen die diere van ander telers te meet.

Hoewe moet ‘n maand voor die skou geknip word (moenie te diep sny en die senuwee raak sny nie, dit sal die dier kruppel laat loop).

**Was:** Slegs vleisskape mag gewas word. Onder geen omstandighede wol- en dubbeldoel skape nie. Skeer die wol/hare kort af en was dit dan met ‘n ligte seep mengsel, spoel behoorlik af met water. Maak die skaap droog en borsel hom deeglik.

**Knip/”Trim”:** Nadat die skaap goed geborsel is, word slegs die uitstaande punte haar/wol stukkies op die skaap se kop (veral om die horing knoppe) en sy hele lyf netjies gelyk gemaak met jou skaapskêr. Maak veral seker om los haar klossies en toutjies wol/hare dalk onder die buik en tussen die bene netjies te verwyder of af te knip.
Skaap moet kort geskeer word maar die kop, kloutjies en hoewe se haartjies moet nie geknip word binne 6 weke van die skou nie.

**4. Riglyne vir was**

By was is slegs was benodighede in die trommel

- n groot emmer met ‘n stewige handvatsel wat nie uitglip nie ( +/- 30 cm diep)
- ‘n diep plastiek gereedskap kis (“trommel”)
- Sjampoe geskik vir diere
- gesig waslappe
- gesig grootte handdoeke
- groter handdoeke vir afdroog
- skrop borseltjie vir die hoewe
- tou of leer halter
- Jou wit waterskoene

‘n Paar riglyne voor jy begin:

- **Belangrik: onthou jou nommer op jou rug.**
- **Werk altyd op n skoon oppervlak.**
- **Maak seker jy weet watter kant om te was. Luister na die beoordelaar se opdragte.**
- Lei jou skaap na die was lokaal, linkerhand onder die ken met die halter tou in jou hand sodat die skaap nie daarop trap, jou regterhand op die skaap se stert.
- Maak jou skaap met ‘n lostrekknoop, kort en stewig vas sodat die skaap nie ruk nie. (Jnr Jnr mag ring gids vra vir hulp)
- Gaan haal jou trommel

- Sit jou trommel neer en tap vir jou **emmer** vol water en plaas dit op **‘n veilige afstand** van jou skaap se voete af sodat dit nie omgeskop kan word nie. Wanneer jy nie vertroud is met die kraan stelsel nie, moenie die krane vol oop maak in jou emmer nie.
- Pak nou jou trommel uit.
- Staan aan die linkerkant van jou skaap

**BEGIN WAS: TYD: 35 min Junior-Juniors, 30 min Juniors en 25 min Seniors of soos bepaal deur die Reëls en Regulasie**

Nota: as jy onder die skaap begin werk. Sak jy op een knie of op albei knieë op die grond en jy lê ook nie onder die skaap in nie. Werk op ‘n netjiese, geordende manier.

1. Op opdrag van die ring gids kan jy begin
2. Draai die kraan oop totdat die water net sterk genoeg is. Die water mag nie sterk spuit nie.
3. Begin om die skaap goed nat te maak agter sy linker oor, oor sy rug tot by die kruis. Maak dan die sye goed nat asook die pens en bene. Herhaal aan die regterkant
4. Gooi dan die sjampoe vanaf sy agterkop tot by die kruis. Onthou sy gesig en ore mag nie natgemaak word om met sjampoe gewas word nie, omdat dit ‘n chemiese middel is wat die dier se oë of neus kan brand.
5. Begin nou om die skaap te was deur die sjampoe met jou hande en vingers goed in te vryf oor sy rug en linkerkantse sy.
6. Die pens word laaste gewas omdat al die vuilheid afloop. Heel laaste word die bene gewas en die knieë en kloutjies met die skrop borsel geskrop. Begin weer links voor en dan regs. Was nou die hoewe. Was met water en jou skrop borseltjie. Werk versigtig wanneer jy jou skaap se been knak om jou werk te vergemaklik. Knak altyd die voorbeen terug en die agterbeen vorentoe.
7. Moenie jou dier se heupe onnodig seer maak met ongemaklike buigings van die been nie.
8. Jy mag nooit bo-oor jou skaap staan nie.
9. . Gebruik jou emmer met skuim.
10. Spoel nou die skuim deeglik van die skaap sy lyf af. Spuit teen die grein van die haar. Onthou geen skuim mag agter bly nie – veral onder die pens en die bene.
11. Droog nou die skaap behoorlik af met die handdoeke. Eers links en dan regs.
12. Spoel jou emmer uit en gooi skoon water in om jou skaap se kop te was.
13. Begin onder die ken vee met **nat lap** skoon en werk opwaarts,
14. Vee die ken en onder lip skoon.
15. Vee die lippe skoon.
16. Vee die neus holtes uit.
17. Vee die wange goed.
18. Vee nou bo-op die neus brug.
19. Vee die traan holtes onder die oë goed skoon.
20. Vee versigtig om die oë om vuiligheid te verwyder.
21. Binne-in die oorskulp van die skaap vee jy saggies uit met ‘n klam lap.
22. Vee met ‘n nat lap op die buitekant van die oor tot skoon.
23. Vee die horing basisse uit.

- Indien jou skaap mis of urineer - staan stil tot die dier klaar is.
- Pak jou goed weg in jou trommel as jy alles klaar gedoen het.

Vee nou jou waterskoene af!!! Steek jou hemp in indien nodig en kyk dat jou broek netjies is. Nou staan jy nou ook weer aan die linkerkant van jou skaap se kop, regop met jou hande agter jou rug. (Jy mag glad nie aan die reling hang of vat nie.)

- Beantwoord enige vrae met die nodige respek en kennis.

Wanneer die beoordelaar met jou kom gesels en verwysings maak na moontlike foute wat jy gemaak het, moet jy dit as opbouende kritiek ervaar en dit positief aanwend. Wanneer beoordeling verby is maak jy jou skaap los, met opdrag van die beoordelaar, en neem haar na die stal area.

- Nou gaan jy terug na jou werk area en verwyder jou trommel en emmer en gaan gooi jou water in ‘n afvoer sloot of drein weg.
- Onthou om later jou lappe uit te was en droog te maak.

**<u>5. Riglyne vir voorbereiding</u>**

By voorbereiding slegs benodighede vir voorbereiding in trommel

- diep plastiek “trommel”
- rubber matjie (opsioneel) om jou gereedskap op uit te pak
- klein skêrtjie met ronde punt vir knip van klou en hoef hare
- klein botteltjie rou lyn olie wat goed sluit
- halter
- klein lappie vir rou lyn olie
- lap om bootse af te veel
- Stukkie skuurpapier vir die kloue
- Wit bootse - Jean met lussies en ‘n belt
- **GEEN SNOEISKêR, HOEFSKêR OF WOLSKêR NIE**

<u>VOORBEREIDING: Seniors 20 min, Juniors 25 min :</u>

- Belangrik: onthou jou nommer op jou rug.
- **Maak seker jy weet watter kant van die dier jy moet voorberei**.
- Gaan haal jou dier in die stal, en sit jou tou halter aan. Stap nou met jou linkerhand onder die skaap se kakebeen en jou regterhand op die skaap se stert. Hou in jou linkerhand ook jou halter se tou vas dat jy of die skaap dit nie vastrap nie.
- Maak nou jou dier op opdrag van die ring gids vas met ‘n lostrek knoop aan die arena se hekkies. Maak die halter kort vas om te verseker dat jou dier nie rondruk nie.
- Bring nou jou trommel na die voorbereidings stasie waar jou skaap vasgemaak staan.
- Pak nou jou benodighede vir die afdeling uit op jou trommel of rubber matjie. Onthou dat alle skêre toe is wanneer jy dit nie gebruik nie. Dit kan jou en die skaap seermaak, so plaas dit op ’n veilige afstand van haar hoewe af. Hou jou gereedskap in netjiese orde en weet waarvoor dit alles is indien die beoordelaar jou vra waarvoor die items is.

BEGIN DIE VOLGENDE VOLGORDE:

1. Trim die langhare om die bek en ken en sorg dat die hare wat oorbly dieselfde lengte is met jou klein skêrtjie. Nie korter as 1cm nie sodat dit natuurlik lyk.
2. Trim die ooghare maar moet dit nie afknip nie, trim dit net ewe lank met die klein skêrtjie.
3. Knip die hare binne- in die oor met die klein skêrtjie.
4. Knip om die rand van die oor skulp versigtig en netjies met die klein skêrtjie.
5. Kyk ook onder die skaap se stert en knip die sterthaar se vorm in ‘n breë, ronde U- vorm. Staan links van die ooi. Tel met jou linkerhand die kort stertjie op en knip die haar met jou regterhand.
6. Knip die lang haartjies om en tussen die hoewe. Let op watter kant jy voorberei.
    a. Knip voorste byklou oop en hoef haartjies knip ook hare tussen die hoewe
    b. Knip agterste byklou oop en hoef haartjies knip ook hare tussen die hoewe
7. Knip die bors, lyf, pens en boud haartjies wat lank is.(Pasop om happe te sny, sny egalig)
8. Vee alle los hare van skaap af met droë lappie.
9. Skuur die hoewe skoon met die skuur papier.
10. Olie nou met jou klein lappie en roulynolie die hoewe, binne die hoef en die byklou. Voor en agter
11. Sorg dat jou werk stasie perfek skoon is.
12. Pak nou al jou gereedskap weg in jou trommel. Skêre altyd toe.
13. Vee nou laaste jou bootse af. As al jou gereedskap netjies weggepak is en jou vloer skoon is, steek jou hemp in indien nodig. Gaan staan netjies aan die linkerkant van die skaap regop.
14. Hou oog kontak met die beoordelaar vir verdere instruksies. Jy bly onder beoordeling tot klas verby is. Maak seker jou dier staan netjies en is kalm en gemaklik aan die halter.
15. Wanneer die beoordelaar na jou dier kom kyk gaan hy jou kennis toets. Beantwoord die vrae volledig.
16. Wanneer die beoordeling verby is maak jy jou dier los en neem jy haar terug na die stal. Gaan haal nou jou trommel.

## 6. RIGLYNE VIR VERTOONKUNS – VLEISSKAAP SKOUMAN

1. **ONTHOU:** - Jy en nie die skaap word beoordeel nie MAAR daar moet ‘n positiewe verhoudings grootte tussen jou en die dier wees. Bv. groot, lang kinders moenie te klein diere hê nie en klein skou manne se skape moet nie te groot wees nie.

    PUNTE VAN BELANG:

    a. **GEEN DEELNEMERS MET HORLOSIES, KOUGOM, SELFONE, OORFONE, JUWELE OF DEELNEMERS WAT GRIMERING AAN HET, WORD IN DIE RINGE TOEGELAAT NIE.**
    b. Konsentreer en vergeet van alles buite die ring
    c. Behou oogkontak met die beoordelaar te alle tye
    d. Moenie tussen die skaap en beoordelaar kom nie
    e. As julle baie in die klas is, moenie rondkyk nie, fokus op jou dier se bene.
    f. Praat net as die beoordelaar met jou praat.
    g. Onthou jou nommer voor op jou bors.
    h. Netjiese donker blou jean sonder vlekke, ‘n belt, wit bootse sonder merke.
    i. Wees stiptelik vir deelname.
    j. Maak seker wie is die hoof beoordelaar


2. **REELS VAN DIE RING:**
    a. Nou het die skaap geen halter aan nie en jy moet die dier beheer.

b. Hou die skaap vas met jou linkerhand onder die kaak op die keel (nek) en jou regterhand agter die stert
c. Kom die ring binne, kloksgewys aan die linkerkant van jou skaap en beweeg links om.
d. Moenie hoeke sny nie en trap in die hoeke tot jy op jou plek kom en hou oog kontak met die beoordelaar
e. Jy en jou dier mag nie nou aan die reëling raak nie.
f. Moenie te ver van die ring se reëling staan nie.
g. Tel die skaap se voorlyf effens op en laat sak haar om voorvoete reg te kry (Sit jou regter hand agter haar linker voorbeen op die borsbeen om haar op te tel.)
h. Staan en maak die skaap se bene reg sodat die voorbene regaf staan en die agterbene ook regaf staan, gemaklik uitmekaar.
i. Gebruik jou voet om die agterbene liggies reg te druk.
j. Kniel by jou skaap met die regter agterste skoene neus na agter, been gestrek, linker been se knie moet ±90º gebuig wees, hoek tussen jou linker en regter been is ± 90º voor die skaap se bors sodat die dier se bors sigbaar is vir die beoordelaar.
k. Hou jou regterhand liggies agter die skaap se kop en jou vingers (duim agter linker oor, 3 middel vingers wys na voor en die pinkie agter regter oor) en jou linkerhand onder die kakebeen en jou regter arm moet horisontaal met die skaap se rug wees in die kniel posisie
l. Kyk op na die beoordelaar as alles reg is. Doen alles so vinnig as moontlik. Jy is nou reg om beoordeel te word.
m. Ons werk altyd met 'n plat, oop hand

n. Luister mooi na opdragte. Opdragte kan ook in Engels gegee word.
o. Jy praat net as die beoordelaar met jou praat.
p. Die beoordelaar/ring gids gaan nou vra dat die skaap se voorkant, sykant en agterkant gewys word.
.

q. **DRAAI BEWEGINGS VAN SKOUMAN**
    a. Voorkant, sykant (dwars) en agterkant. Nou moet jy op jou plek bly en nie vorentoe, agtertoe of sywaarts beweeg uit jou lyn uit nie. HOU JOU PLEK. - FIGUUR 3.
    b. Wanneer jy plek verloor moet jy reg posisioneer as jy besef jy is uit lyn en jou spasie is nie reg nie

**FIGUUR 3:**




In die lyn skets hierbo kan jy sien skaap 3 is effens uit lyn en die spasie tussen 2 en 3 is te klein en die spasie tussen 3 en 4 te groot. Skaap 4 is baie uit lyn. Hou altyd 'n denkbeeldige lyn en ook dieselfde spasiëring tussen julle diere. Moenie aan die reëling raak tydens jou draai bewegings nie.

    c. Wees flink, konstant en vinnig maar nie lomp nie.

d. Wanneer jy die opdragte uitvoer moet jy elke keer opstaan en alles regmaak en weer gaan kniel. (Regterhand moet skaap voor optel en jou voete trap agter bene van skaap soos in die begin)
e. Jy mag glad nie op die skaap se rug druk met jou regter arm/hand nie as jy opstaan nie
f. Jou regter arm moet horisontaal met die skaap se rug wees in die kniel posisie
g. Na elke beweging moet jou dier se bene reg wees.
h. Jou linker hand kan afbeweeg na die bors van die skaap, om te help met die draaibeweging. Direk na die draai en voordat die skaap voor opgetel word moet die hand weer terug wees by die kaak. Met die regter oop, plat hand draai jy die dier se agterlyf in die betrokke rigting met druk en trek bewegings op haar agterkwart.
i. Hou jou skouers mooi gelyk. Moenie die dier draai met knie stamp bewegings nie.
j. 'N flukse skou man is 'n gemaklike en rustige skou man.

**r. VERTOON VAN DIE SKAAP IN DIE RING:**

a. Ken jou skaap. As jy 'n ander deelnemer se dier vang gaan jy baie punte verloor.
b. Los jou skaap en probeer om nie die dier op die beoordelaar af te druk nie. Wys jou dier vir die beoordelaar. So ongeveer 2m van beoordelaar af.
c. Jy mag nie die dier aanjaag deur jou hande te klap of fluit nie.
d. Lig jou hande as jy die dier vertoon word.
e. Wees kalm en moenie jou skaap skrik maak met vinnige onbeplande bewegings nie.
f. Behou oogkontak met die beoordelaar en as die beoordelaar links of regs beweeg, beweeg jy in die teenoorgestelde rigting, maar die skaap moet tussen julle bly.
g. As die beoordelaar gaan staan en jou skaap staan ook , bly jy staan met jou hande langs jou sye. Wanneer die beoordelaar nou beweeg, beweeg jy ook om jou skaap te keer en vertoon.
h. Hou jou dier dop en moenie deurmekaar raak met n ander skouman se dier nie.

**s. BEVEL VAN DIE BEOORDELAAR / RING GIDS OM TE "VANG"**

a. Lig jou arms en sonder om te klap, druk die skaap na die naaste hoek toe van waar jy staan en vang.
b. Hou kontak met jou skaap veral as daar meer as een gelyk vertoon word.
c. Beweeg onmiddellik nader aan jou skaap en vang haar voor sy kans kry om te hardloop.
d. Vang haar aan die linker agterbeen met jou regterhand bokant die skaap se hakskeen. As die skaap met haar voorkant na jou staan, kan jy die skaap om sy nek vang.
e. As jy staan en wag terwyl ander deelnemers hul skape "vang", moet jy bly konsentreer want jy word steeds beoordeel.
f. Indien moeilike diere teen jou skaap druk, mag jy nie jou hande van jou dier afhaal om 'n ander deelnemer te help met sy skaap nie.
g. Wanneer jy nou jou dier gevang het, beweeg soos toe jy die ring binne gekom het, van links om teen die ring reëling en trap in die hoeke, terwyl jy oogkontak met die beoordelaar behou.
h. Wanneer ander deelnemers ver van die reëling af staan moet jy agter hulle en hul diere verby beweeg en op jou plek gaan staan.
i. Kom nou op jou plek en maak jou skaap se bene reg, maak seker jy staan op jou regte plek kniel en kyk op.

t. **DIE 2de STEL DRAAIBEWINGS IN DIE RING VIR SKOUMAN**

a. As almal op hul plekke is en reg is gaan die beoordelaar julle vra om die skape weer in verskillende rigtings te draai. Nou gaan die beoordelaar van julle verwag om die skape vinniger te draai.
b. Konsentreer nou baie goed en luister goed na die bevele omdat hulle met die spoed vermeerdering gaan probeer om julle uit te vang. Konsentrasie, beheer en fiksheid is hier baie belangrik.
c. Jy kan ook nou gevra word om jou dier met n ander deelnemers se dier uit te ruil. Die ring gids sal julle help om die diere vas te hou terwyl julle ruil.

u. **BEK OOP MAAK VAN DIE SKAAP**
**NOTA:** Maak seker jy weet hoe oud is die dier voor jy in die ring gaan.

a. Staan op om die bek oop te maak
b. Gebruik die linkerhand se duim en wysvinger. Draai die skaap se kop na die beoordelaar toe en trek die bo- en onderlip weg van mekaar af. Kyk eers self na die tande en dan na die beoordelaar.
c. Hoekom doen ons dit? Die metode word gebruik om die ouderdom van die dier te bepaal.
d. Kniel weer as jy klaar is.

## 7. RIGLYNE VIR GROEPSKOU:

1. **In ‘n groep is daar 3 deelnemers. Rangskik julle van groot na klein of andersom.**
2. Die middelste persoon (roeper) gee die tekens.
3. Beoordelaars kyk na eenvormigheid en goeie samewerking.
4. Die skape wat gebruik word in groep skou moet ook by die kinders pas en verkieslik uit dieselfde trop wees.
5. Maak seker – die broeke, belde en bootse is dieselfde. Maak seker julle het genoeg tyd om julle bootse uit te sorteer. Steek julle hemde en indie dogters haar rekkies in het moet dit dieselfde wees.
6. Die middelste skou man het die groep se nommer voor op sy bors aangesteek. KOM DIE RING BINNE:
7. Kom die ring in soos met skou man - beweeg sonder om hoeke te sny kloksgewys (links om) in die ring. Jou linkerhand onder die skaap se nek en jou regterhand agter op die skaap se stert ( pit).
8. Kyk gelyk op na die beoordelaar soos julle regs om beweeg. Hou die spasies tussen die skape gelyk en as een van die skape gaan staan, staan die ander twee skou manne ook met hul diere totdat die skou man wat staan gereed is om verder te loop.
9. Die “roeper” gee nou die teken en julle beweeg dan verder tot julle op jul aangewese plek gaan staan.
**STAAN REG VOOR BEVELE BEGIN:**
10. Maak nou eers die skaap se bene en jou eie voete reg. Doen dit ook eenvormig. Gaan op die ”roeper” se bevel gelyk af, maak eers die voor bene reg. Dit doen julle deur die skape op te tel regterhand agter die skaap se linker voorbeen met jou hand op die skaap se borsbeen. Nie aan die

nek nie. Maak dan die agterbene reg deur voete te trap en kniel flink op die “ roeper” se opdrag met presisie en spoed,

11. Wanneer julle tevrede voel met die skaap se voete, maak seker dat jou linkerhand onder die skaap se kakebeen is, en hou jou regterhand liggies agter die skaap se kop en jou vingers (duim agter linker oor, 3 middel vingers wys na voor en die pinkie agter regter oor) . Jou regter arm horisontaal met skaap se rug in kniel posisie.
12. Hou oogkontak met die beoordelaar en luister na die beoordelaar/ring gids se opdragte.
13. Luister na die “roeper” se bevele. Konsentreer. As die ander twee se skape se bene nie reg is nie, moet hulle ook ‘n teken gee dat hulle iets wil regstel. Die teken moet julle self uitwerk.


**DRAAI BEWEGINGS:**

14. Julle gaan nou die skape draai - voorkant, sykant en agterkant. In alle gevalle moet julle op jul plek bly en nie vorentoe, agtertoe of sywaarts uit julle lyn beweeg nie.
15. Nou is dit baie belangrik dat julle ook die spasies tussen julle reg hou. FIGUUR 5,
16. Konsentreer dat julle hande op dieselfde plek bly agter die kop en konsentreer op julle voete.
17. Dit help baie as julle fiks is, want as jy nie by bly met die draai bewegings nie gaan jy die groep se ritme uitgooi en ‘n beoordelaar sien dit baie gou raak.

<u>VERTOON IN N GROEP</u>

1. Wanneer julle die skape vertoon, bly die vertoners in dieselfde volgorde soos hulle gestaan het toe hulle in die ring ingekom het. Beweeg die skape na die beoordelaars toe sonder om die diere op die beoordelaar af te druk.
2. Julle moet julle arms oplig en die skape vertoon sonder om te fluit of hande te klap.
3. As die beoordelaars links of regs beweeg, beweeg julle na die teenoorgestelde rigting. Bly in julle volgorde.
4. Probeer die skape weg van die ander diere en skou manne in die ring vertoon. Hou nou fokus en moenie oogkontak verloor met jou dier of die beoordelaar nie. Dit is baie belangrik dat julle die diere bymekaar as ‘n groep probeer hou en vertoon.
5. As die beoordelaar gaan staan, gaan staan julle ook en laat sak julle arms. Hou oogkontak met die beoordelaar en die skaap.
6. Moenie tussen die beoordelaar en die skaap kom nie.
7. Op die bevel “vang maar”, moet julle die skape na die naaste hoek toe bring. Moenie die skape nou “spook” nie want as een nou wegbreek moet die skou manne hul skape los en die skaap eers terugbring na die groep en dan weer na ‘n hoek toe bring en dan op die roeper se bevel gelyk buk en vang.
8. Vang die skape aan die linker agterbeen met jou regterhand. Onthou jy vang altyd oorkruis .Vang die skaap bo die hakskeen. Elkeen vang sy eie skaap.
9. Julle kan die skape om die nek vang maar dan moet almal dit gelyk en dieselfde doen.
10. Wanneer julle die diere suksesvol gevang het, beweeg julle in jul oorspronklike volgorde regs om in die ring. Hou julle spasies en hou oogkontak met die beoordelaar.
11. Wanneer julle op julle plek kom, maak die skaap se bene reg. Eers voorbene dan agterbene van die skaap, so wel as jou eie voete en spasies en  kniel. Luister na die “ roeper” se bevele en konsentreer.

**FIGUUR 5:** GROEP SPASIES EN PLEKKE




- *Maak seker dat julle dieselfde gemaklike afstand (gemerk ^), met julle skape van die reëling van die ring afstaan.*
- *Maak serker dat die spasies (gemerk *), tussen julle drie dieselfde bly as julle staan en draai.*
- *Moenie met die 2de stel vinnige draai bewegings konsentrasie verloor nie.*
- *Moenie tydens julle draai bewegings aan die reëling raak nie.*

**BEK OOPMAAK IN N GROEP SKOU:**

**Wanneer julle bekke oopmaak doen julle dit ook gelyk.**


- Staan op om die bek oop te maak
- Gebruik jul linkerhande se duime en wysvingers om die lippe van mekaar af te lig.
- Draai julle die skape se koppe na die beoordelaar toe
- Trek die bo- en onderlippe weg van mekaar af
- Kyk eers self in die bekke en kyk dan op na die beoordelaar
- Kniel weer as die bek klaar oopgemaak is.

## 8. ALGEMENE RAAD VIR DIE SKOUMAN:

- Netheid is baie, baie belangrik vir jou punte sowel as die beeld van die Provinsiale- en Nasionale Jeugskoue. Die Jeugskou is ‘n gedissiplineerde sport en wat dit so intens maak, is dat jy nie net op jou eie deelneem nie, maar met ‘n dier; ‘n dier wat jou instrument is tot sukses.
- Jou dier se behoeftes kom voor jou eie.
- Lyk of jy dit geniet en wees kalm, dan is jou dier ook kalm.
- Weet met watter ras tipe skaap jy skou.
- Dit is altyd wys om bietjie navorsing te doen oor jou betrokke ras, want as die beoordelaar vir jou ‘n ras verwante vraag vra – jy hom kan antwoord.
- Lees tydskrifte rakende landbou en vee om jou algemene kennis te verbreed.
- Onthou wanneer jou ooi op hitte raak duur dit ‘n paar dae. Sy gaan dan effe senuagtig wees en jou nie eintlik toelaat om aan haar boude of stert te vat nie.
- Wanneer jy ‘n dier “leen/deel” by iemand – help jy die dier aflaai, oplaai, versorg en as jy moeilik skou blameer jy dit nie op die dier nie. Jy word beoordeel nie die skaap nie. Die belangrikste – sê “dankie”.
- Ondersteun mekaar as jy deel is van ‘n span, werk saam aan netheid en versorging van diere.

- Geniet die Jeugskou. Jy leer ken ander skou manne en jeugskou vriende is ‘n ongelooflike aanwins vir jou. Jou jeugskou vriend is jou kompetisie omdat hy / sy jou op jou tone hou. Jou jeugskou vriend is ook jou ondersteuning en spanmaat tydens kampioenskappe. Wees trots op die Jeugskou want dit maak jou baie spesiaal. Onthou jy gaan eendag dalk nog diep spore trap in ons Landbou gemeenskap. Dankie vir jou harde werk!


**VLEISSKAAP: WASPROSES – basiese evaluerings tabel vir skou manne**



| Vleisskaap was metode: | Punt 0 | Punt 1 | NOTA’S | |
|---|---|---|---|---|
| 1. dier stewig / kort vasgemaak | | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2. groot emmer vol water | | | | |
| 3. onder ken/ ken/ onderlip | | | | |
| 4. binne-in bek / bo-lip | | | | |
| 5. neus/ neusbrug/ oogholtes | | | | |
| 6. oë/ binne en buite ore | | | | |
| 7. horing basisse | | | | |
| 8. Bene – Links voor en agter | | | | |
| Regs voor en agter | | | | |
| 9. onder die stert | | | | |
| 10. hoewe en kloue | | | | |
| Links voor en agter | | | | |
| Regs voor en agter | | | | |
| 11. Rug en sykante | | | | |
| 12. Pens | | | | |
| 13. netheid van skouman | | | | |
| 14. tyd gebruik, bootse afgevee | | | | |
| 15. mis / opgevee / weggepak | | | | |
| | | | **TOTAAL:** | **/15** |

**VLEISSKAAP VOORBEREIDINGS PROSES – basiese evaluerings tabel**



| **Vleisskaap Voorbereiding metode:** | **Punt 0** | **Punt 1** | **NOTA'S** | |
|---|---|---|---|---|

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. dier stewig, kort vasgemaak / regte gereedskap uitgepak | | | | |
| **Klein skêrtjie:** | | | | |
| 2. hare op ken en om bek getrim | | | | |
| 3. binne in en buite om oor rante | | | | |
| 4. Horing basisse | | | | |
| 5. knip die stert | | | | |
| 6. knip Links voor na Links agter Kloue oop | | | | |
| 7. knip Regs voor na Regs agter kloue oop | | | | |
| 8. knip Links voor na Links agter hare rondom die hoewe knip Regs voor na Regs agter hare rondom die hoewe | | | | |
| 9. olie die kloue en hoewe Links voor na agter en Regs voor na agter sonder olie op die haar | | | | |
| 10. tegniek / netheid / tyd gebruik | | | | |
| 11. mis en opgevee | | | | |
| | | | **TOTAAL:** | **/15** |

**Geniet die Skou!    En onthou .......**

**“Eis baie van jouself en verwag min van ander,
Dan sal jy nie so dikwels teleurgestel word nie”**

**(Confucius)**

